# Woordverkondiging: 'n Universeelgerigte aksie

**P van Staden**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**
**Proclaiming the Gospel: An endeavour with universal scope**
*This is the second part of a two-part study in which the exclusivist measures in the Nederduitsch Hervormde Kerk, which bar people of colour from attending regular Sunday services, are evaluated. The first part, under the title: 'May "whites only!" worship here?' investigated the historical circumstances that gave rise to such measures and assessed the arguments for maintaining them. This second part of the study covers matters such as perceptions and group behaviour within the church as social group, the church as spiritual as well as social entity, the concepts of 'covenant' and 'volkskerk', and exclusivism versus inclusivity. In particular, the way in which the concepts of 'volkskerk' and 'covenant' are combined by some theologians of the church to provide grounds for excluding some categories of people from worship services, is challenged as being theologically unsound.*

In die eerste deel van hierdie studie is daar onder die titel: *Mag 'slegs blankes!' hier aanbid?* aandag gegee aan die historiese feit van en rede vir die ontstaan van die maatreëls wat die bywoning van gewone eredienste in die Nederduitsch Hervormde Kerk beperk tot blankes (kyk Van Staden 1994:713-729). In hierdie tweede opvolgende deel word die geldigheid van genoemde maatreëls krities beoordeel aan die hand van Bybels-teologiese gegewens en argumente. Dit sal ook nodig wees om groepvorming en groepshandhawing as sosiale verskynsel te bespreek, om duidelik te maak dat die Kerk se besluite en optrede in verband met hierdie saak sosiaal gesproke 'n normale verskynsel was.

## 1. GROEPE

Die maatreëls onder bespreking, wat histories beslag gekry het in die samelewingspatrone van Suid-Afrika en van die Nederduitsch Hervormde Kerk, is nie uniek aan die Afrikaner en die lidmate van die Hervomde Kerk nie. Dit is trouens 'n inter-

kulturele-[1] en intrakulturele[2] sosiale verskynsel dat mense hulle in groepe organiseer. Kwalifikasies vir groepsbehorendheid kan 'n onoorsigtelike veld dek: intellek, etnisiteit, ras, geslag en arbeidsveld is maar enkeles wat genoem kan word. 'n Kort beskrywing van die voorkoms en oorsake van hierdie verskynsel in die samelewing kan meehelp om die hele saak oor erediensbywoning beter te verstaan.

### 1.1 Persepsie

As uitgangspunt is dit belangrik om te verstaan dat die mens nooit die werklikheid 'an sich' waarneem nie. Mense *interpreteer* wat hulle waarneem, en noem dan daardie interpretasie 'werklikheid'. Mense se gedrag word dan ook gebaseer op hulle persepsie van die werklikheid, nie op die werklikheid self nie (Robbins 1991:125; Worchel, Cooper & Goethals 1991:337). Volgens definisie is 'persepsie' 'n proses waardeur individue hulle sensoriese indrukke organiseer en interpreteer om daardeur betekenis te gee aan hulle omgewing (Robbins 1991:125; vgl ook Worchel et al 1991:338). As verklaring waarom individue na dieselfde objek kyk en dit tog verskillend waarneem, stel Robbins (1991:126) dat daar verskillende faktore is wat saamwerk om persepsie te vorm en soms skeef te trek. Hierdie faktore kan verband hou met die waarnemer, die objek van waarneming, of die konteks/situasie waarbinne die waarneming gemaak word.

Ons persepsie van mense verskil van ons persepsies van dinge soos motors of geboue, omdat ons afleidings maak van die gedrag van mense wat ons nie maak oor dinge nie. Nie-lewende objekte is onderhewig aan die wette van die natuur, maar hulle het nie oortuigings of motiewe nie. Mense het wel. As ons dus mense waarneem, probeer ons verklarings verskaf waarom hulle op 'n spesifieke manier optree. Ons waarneming en beoordeling van mense se gedrag sal derhalwe in 'n besondere mate beïnvloed word deur die aannames wat ons maak oor hulle innerlike samestelling (vgl Robbins 1991:129).

Aangesien die waarneming en interpretering van mense se gedrag 'n moeilike en tydrowende taak is, gebruik mense verskillende *kortpaaie* in hulle beoordeling van ander (Robbins 1991:131; Baron & Byrne 1991:184-185). Terwyl hierdie tegnieke dikwels waardevol is om vinnige en akkurate persepsies te maak, kan hulle ook lei tot ernstige foute en verwronge persepsies. Dit is daarom belangrik om bewus te wees van hierdie tegnieke wat ons aanwend, sodat skeeftrekkings in ons eie persepsie vermy kan word. Robbins (1991:131-134) noem vier verskynsels wat as sulke kortpaaie beskou kan word. Hulle word net kort aangedui met 'n definisie van elk.

### 1.1.1 Selektiewe waarneming

Omdat mense nie alles kan waarneem wat rondom hulle gebeur nie, en ook nie alle indrukke kan inneem en interpreteer nie, maak hulle gebruik van selektiewe waarneming. Hieronder word nie verstaan *willekeurige* waarneming nie, maar eerder waarneming wat gebaseer is op die belange, agtergrond, ervarings en houding van die waarnemer. Omdat hierdie tipe waarneming subjektief is, kan dit lei tot ongeoorloofde gevolgtrekkings in verband met die objek van waarneming (vgl Robbins 1991:132).

### 1.1.2 Projeksie

Dit is maklik om ander te beoordeel as ons aanvaar dat hulle soortgelyk aan onsself is. Dié neiging om die eie karaktereienskappe (bv om te hou van uitdagings, of om deursettingsvermoë te hê) ook aan ander toe te skryf, staan bekend as projeksie, en kan ons waarneming van ander verwring (vgl Robbins 1991:133).

### 1.1.3 Stralekrans-effek

Wanneer 'n algemene indruk oor 'n individu gevorm word wat op slegs 'n enkele karaktereienskap gebaseer is, dan is die stralekrans-effek in werking. Veral mense in leiersposisies is hieraan onderworpe, byvoorbeeld dosente of predikante. So kan 'n persoon wat met entoesiasme optree, hoër gewaardeer word as 'n beter gekwalifiseerde en meer effektiewe kollega (vgl Robbins 1991:133-134).

### 1.1.3 Stereotipering

Stereotipering vind plaas wanneer 'n individu beoordeel word op die grondslag van ons persepsies van die groep waartoe hy/sy behoort (Robbins 1991:133). Sulke veralgemenings is nie heeltemaal sonder meriete nie – dit lei daartoe dat konsekwent opgetree word. Die probleem ontstaan egter wanneer ons verkeerd stereotipeer – alle rekenmeesters en ouditeure is nié vaal en oninteressant nie!

## 1.2 Die oorsprong en funksie van groepe

Navorsing toon aan dat daar verskillende redes is waarom mense by groepe aansluit. Ten eerste voorsien 'n groep in belangrike sielkundige of sosiale behoeftes, soos die behoefte om iewers tuis te hoort of die behoefte om aandag en liefde te ontvang (Baron & Byrne 1991:439). Tweedens kan ons met behulp van die groep doelwitte bereik wat vir die individu onmoontlik is, en voorsien die groep ons van kennis en informasie wat andersins nie tot ons beskikking sou wees nie (Baron & Byrne 1991: 440). Laastens dra groeplidmaatskap by tot die vestiging van 'n positiewe *sosiale identiteit* wat onontbeerlik is ter ondersteuning van persoonlike identiteit (Baron & Byrne 1991:440; Worchel et al 1991:455).

Groepfunksionering vind plaas in verskillende prosesse, maar daar is konsensus dat lede deur veral vier aspekte van groepe beïnvloed word, naamlik rolle, status, norme en groepsbinding[3]. Ten opsigte van groepsbinding kan benewens die positiewe aspekte daarvan ook dié gevaar onderskei word dat dit 'n kritiese houding ten opsigte van die groep se sieninge kan belemmer – dit laat min ruimte vir die herstel van foute (Baron & Byrne 1991:443). Te sterk binding aan die groep kan ook lei tot die verskynsel van *groepsdenke* – 'n manier van dink by groepslede waarby die handhawing van groepskonsensus sterker weeg as die strewe om gebalanseerde en akkurate besluite te neem en aksies te loods. Hierdie verskynsel is uiters gevaarlik, omdat dit daartoe lei dat groepslede die groep beskou as bokant foute verhewe. Groepslede raak betrokke by *kollektiewe rasionalisasie*, waardeur enige informasie wat bots met die groep se sienings gediskrediteer of geïgnoreer word (Baron & Byrne 191:463).

Kenmerkend van groepe is dat hulle hulle eie aard en posisie definieer vis-à-vis ander groepe deur die proses van *sosiale vergelyking*. 'n Individu kan tegelyk aan verskillende sosiale groepe behoort sonder om dissonansie te beleef. Dit is egter 'n tipiese kenmerk van groepe dat hulle gepolariseerd kan raak ten opsigte van mekaar en uiteindelik opposisioneel teenoor mekaar te staan kan kom. Sodanige polarisering kom gewoonlik tot stand op grond van negatiewe persepsies by die een groep van die ander (vgl Robbins 1991:129-131; Baron & Byrne 1991:190; afdeling 2.1 tot 2.1.4 hierbo). Verskeie verklarings bestaan vir die oorsaak van negatiewe persepsies by een groep van 'n ander. Ons bespreek hier kortliks vier van dié verklarings naamlik kompetisie, sosiale kategorisering, die sosiale leerproses, en kognitiewe oorsake soos stereotipering.

### 1.2.1 *Kompetisie* as oorsaak van negatiewe persepsies

Dié dinge waaraan mense die meeste waarde heg, soos 'n goeie werk, mooi huise, hoë status, is altyd in beperkte hoeveelhede beskikbaar. Volgens die *realistiese konflikteorie* spruit negatiewe persepsies uit die kompetisie tussen verskillende sosiale groepe oor waardevolle kommoditeite of geleenthede (Baron & Byrne 1991: 191). Hoe langer die kompetisie aanhou, hoe meer negatief raak die groepe teenoor mekaar. Uiteindelik beskou hulle mekaar as 'vyande', word die eie groep as moreel meerderwaardig geag, en word die grense tussen die groepe steeds skerper getrek. Navorsing het aangetoon dat kompetisie vir die verkryging en beheer van skaars bronne in negatiewe ekonomiese omstandighede drasties verhoog, met 'n gepaardgaande verhoging in negatiewe persepsies van en vooroordeel teen lede van die 'uitgroep', sowel as 'n eskalering in geweld tussen die kompeterende groepe (Baron & Byrne 1991:192).

### 1.2.2 *Sosiale kategorisering* as bron van konflik

Dit is 'n tipies menslike neiging om die wêreld rondom hulle in te deel in twee basiese groepe: *ons* en *hulle*. Alle ander mense behoort dus of tot die eie groep (genoem 'ingroep'), of tot 'n ander groep (genoem 'uitgroep'). Die onderskeid kan gebaseer wees op enige aantal eienskappe, insluitend ras, godsdiens, geslag, ouderdom, etnisiteit, nuwe lede teenoor ou lede, en beroep (Baron & Byrne 1991:194; Worchel et al 1991:455). Kenmerkend is dat mense van die 'ingroep' positief gesien word, en lede van die 'uitgroep' negatief, en dat uitgroeplede meer homogeen is as ingroeplede (Baron & Byrne 1991:194; Worchel et al 1991:457). Die aanname word ook gemaak dat uitgroeplede allerlei onaanvaarbare karaktereienskappe openbaar en dat selfs hulle gedrag onaanvaarbaar is (Baron & Byrne 1991:194; Worchel et al 1991:456).

### 1.2.3 Die *sosiale leerproses* as bron van konflik

'n Derde verklaring vir negatiewe persepsies stel eenvoudig dat sulke persepsies *aangeleer* is. Hiervolgens ontwikkel kinders 'n negatiewe houding teenoor bepaalde groepe omdat hulle hoor hoedat ouers, onderwysers, vriende en ander persone sulke negatiewe gedagtes huldig en uitspreek. Hierbenewens speel sosiale norme ook 'n belangrike rol, omdat dit reëls is wat suggereer watter houding en gedrag toepaslik is (Baron & Byrne 1991:196).

### 1.2.4 *Kognitiewe* bronne van konflik

Die meeste mense in Suid-Afrika sou onmiddellik kon reageer op 'n versoek om die kenmerkende eienskappe te beskryf van groepe soos die blankes, swartes, Indiërs en kleurlinge. Hierdie feit is toe te skryf aan die vorming van *stereotipes* van die onderskeie groepe. 'n Stereotipe is 'n kognitiewe raamwerk wat bestaan uit kennis en oortuigings aangaande spesifieke sosiale groepe. So 'n kognitiewe raamwerk suggereer dat alle lede van sulke groepe bepaalde kenmerke of eienskappe besit. Dit is 'n stel waardes oor die kenmerkende eienskappe van die mense in 'n groep wat toegepas word op feitlik alle lede van daardie groep. Daar is stereotipes oor witmense, swartmense, mans, vroue, Jode en Katolieke, homoseksueles en Mercedes Benz-bestuurders. Stereotipes verteenwoordig dus ons kennis van mense in 'n bepaalde groep, ongeag of daardie kennis waar of vals is (Worchel et al 1991:369-371).

Die effek van 'n stereotipe is dat informasie of 'feite' wat in die kognitiewe raamwerk inpas beter waargeneem en onthou word as informasie wat dit weerspreek. Sodoende word die stereotipe selfbevestigend (Baron & Byrne 1991:197).

### 1.3 Gevolgtrekking

Soos reeds in punt 1 hierbo gestel, is die voorkoms van die verskynsel van groepvorming met die gepaardgaande persepsies of vooroordele, sosiale kategorisering, stereotipering, groepskohesie en -lojaliteit en maatreëls vir groepshandhawing, nie uniek aan die Hervormde Kerk nie. Die feit dat die Kerk institusioneel binne die samelewingsorde bestaan maak dit onvermydelik dat dit wat tipies en algemeen voorkom binne die samelewing as deel van die psigo-sosiale gedrag van mense, ook in die kerk aangetref sal word.

Dat die voorkoms van hierdie gedragsverskynsel normaal is binne die algemene samelewing, beteken egter nie dat dit noodwendig binne en vir die kerk aanvaarbaar moet wees nie. Daar is baie gedragspatrone wat algemeen voorkom in die samelewing, maar waarteen die kerk hom ten sterkste uitspreek of behoort uit te spreek. Dit is juis dié vraag na die kerklike oordeel oor sosiaal-etiese veskynsels wat hier aan die orde is. Om die vraag met enige mate van gebalanseerdheid te kan antwoord, is dit nodig om kortliks in te gaan op die Kerk as beide geestelike en institusionele grootheid.

## 2. DIE KERK

In die volgende onderafdelings word in meer besonderhede gekyk na die kerk as geestelike grootheid (ook genoem die onsigbare kerk). Hierop volg 'n bespreking van die kerk as institusionele grootheid (ook genoem die empiriese of sigbare kerk), en 'n bespreking van die *volkskerk* in 'n afsonderlike onderafdeling[4].

### 2.1 Die kerk as geestelike grootheid

Die vraag na waar die 'ware' kerk te vinde is kom uit die era van die reformasie, en het sy oorsprong in die interkonfessionele stryd en die probleem van die 'huigelaars' (Ott 1972:385). Rome het die wese van die kerk hoe langer hoe meer gevestig in die uiterlike organisasie (Berkhof 1958:562; Berkhof 1973:411). Die reformasie, daarenteen, het uit reaksie teen Rome die wese van die kerk gestel in die *communio sanctorum* – die gemeenskap van die heiliges (Berkhof 1958:564). Dit het egter die vraag laat ontstaan watter kerk die ware kerk is, en verder of alle lede van die kerk salig word (vgl Ott 1972:385). Hierdie vrae is op tweërlei wyse opgelos: eerstens is kenmerke vasgestel aan die hand waarvan die ware kerk uitgeken kan word – die sogenaamde *notae verae ecclesiae*; tweedens is 'n onderskeid getref tussen die sigbare en onsigbare kerk:

> Die 'wahre Kirche', welche man an ihren Merkmalen erkennt, ist immer sichtbare Kirche, geschichtlich greifbare Institution...So bedeuted 'sichtbare Kirche' (ecclesia visibilis) sichtbare, feststellbare Insti-

> tution, 'unsichtbare Kirche' (ecclesia invisibilis) dagegen bedeuted die Summe derer, die zum ewigen Leben gelangen werden – eine Gemeinschaft, welche letzlich nur Gott allein bekannt ist.
>
> (Ott 1972:385)

Beide Luther en Calvyn beklemtoon dat die onderskeid tussen 'n sigbare en onsigbare kerk nie beteken dat daar twee kerke is nie, maar wel dat daar twee aspekte is aan die een kerk van Jesus Christus. Die term 'onsigbaar' is onderskeidelik gesien as aanduiding van die triomferende kerk (ecclesia triomfans), die ideale kerk of die kerk van alle plekke en tye. Dit is ook aangewend as aanduiding van die strydende kerk (ecclesia militans) op aarde as beide 'n sigbare en onsigbare kerk – sigbaar in sy empiriese vorm, en onsigbaar omdat dit primêr 'n geestelike grootheid is wat nie met die oog sigbaar is nie[5].

Na sy wese kan die onsigbare Kerk nie gekwantifiseer word nie. Dit is 'n kwalitatiewe grootheid waarvan die terminus a quo God se verbondshandeling met die mens is (Ou én Nuwe Testament), en die terminus ad quem die wederkoms. Berkhof (1958:566) beskryf die onsigbare Kerk as die 'spiritual body of Jesus Christ, which is essentially invisible at present, though it has a relative and imperfect embodiment in the visible church and is destined to have a perfect visible embodiment at the end of the ages'. Opname in hierdie Kerk geskied uitsluitlik op grond van die aanvaarding van God se genade-aanbod in Jesus Christus, en alles wat daarmee saamhang. Die realiteit van dié Kerk wat ons bely word dus sigbaar in sy openbaring in institusionele vorm van die Kerk binne die sosiale werklikheid. Die institusionele kerk kan dus in 'n sekere sin gesien word as die korrelaat en resultaat van die heilige, algemene Kerk[6].

Die Nederduitsch Hervormde Kerk beskou homself as openbaring van die heilige, algemene Christelike Kerk (Kerkwet Artikel I). Die NHK is sigbaar in die vorm van sy gemeentes, wat volledig beskryfbaar en kwantifiseerbaar is vir sover dit uiterlike kenmerke soos lidmaattal, inkomste, aksies, eiendomme, ens. aangaan. Die toets of die NHK wel openbaring van die Una Sancta is, is ook geleë in die notae ecclesiae. Dit is belangrik om die onderskeid tussen die Kerk wat ons bely enersyds, en die institusionele kerk (NHK) andersyds, te handhaaf, omdat die Una Sancta dié grootheid is wat bestaan uit alle ware gelowiges van alle tye, terwyl die institusionele kerk nog sterk onderhewig is aan onvolkomenheid en voorlopigheid – die corpus permixtum waarin valsheid en skynheiligheid nog voorkom (vgl De Wet & Pont 1964:110; Pont 1986b:539). Net so belangrik is egter om te verstaan dat daar ook 'n bepaalde verband tussen dié twee bestaan wat te alle tye erken moet word, omdat die institusionele kerk daarsonder beide na vorm en inhoud aan totale willekeur uitgelewer sou wees (vgl hierby Van Niftrik 1946:182-184).

Die vraag is of die NHK as sigbare kerk in die wyse waarop hy homself definieer wel uitdrukking is en kan wees van die heilige algemene Kerk wat hy bely. Ons sal poog om hierdie vraag te beantwoord in die volgende twee afdelings (2.2 en 2.3).

### 2.2 Die kerk as institusionele (sosiale) grootheid

Die term 'institusioneel' word hier aangewend as onderskeidingskategorie. In die sosiale wetenskappe word die studie van die samelewing vergemaklik deurdat die samelewing onderskei word in breë kategorieë wat genoem word *instellings* of *institusies*. Voorbeelde hiervan is die politieke-, die ekonomiese-, die familiale- en die religieuse instelling. Die term 'institusie' dui dus op georganiseerde, genormeerde gedrag van 'n spesifieke soort wat erkende permanensie in die samelewing verkry het in die vorm van 'n instelling soos byvoorbeeld die kerk of die hof of 'n besigheidsfirma. Neyrey (1991b:xvi) noem dit 'fixed forms of social life'.

Die institusionele karakter van die kerk het betrekking op die sigbare kerk soos dit gestalte aanneem in die vorm van denominasies en gemeentes. Berkhof (1973: 363; vgl ook Ott 1972:385) merk hieroor op: 'de christelijke kerken zijn organisatievormen die behoren tot het genre der instituten. Zij vinden als alle instituten hun bestaansrecht in de tussenmenselijke activiteiten die zij tot stand brengen en in stand houden'. Berkhof (1958:567; vgl ook Pont 1986a:69) onderskei wat die sigbare kerk betref twee verdere fasette, naamlik die kerk as *instituut* en die kerk as *organisme*[7]. Albei hierdie aspekte het hulle agtergrond in die onsigbare Kerk. Onder die kerk as 'instituut' word verstaan die institusionele vorm en funksies van die kerk soos dit behartig word deur die ampte en ander middele wat God ingestel het[8]. Die kerk as 'organisme' is die gemeenskap van gelowiges wat saamgebind word deur die Gees. In hierdie verband bestaan die kerk charismaties – alle soorte gawes en talente kom na vore en word aangewend in die werk van die Here (Berkhof 1958:567)[9].

As instituut is daar in die sigbare gestalte van die kerk niks wat hom onderskei van enige ander instelling in die samelewing nie (vgl Ott 1972:375), anders as dat sy rituele en funksionarisse *religieus* van aard is – net soos die rituele en funksionarisse van regsinstellings *juridies* van aard is[10]. Sosiaal-fenomenologies beskou funksioneer die kerk in denominale verband sowel as in die vorm van sy gemeentes presies soos enige ander instelling: daar is 'n administratiewe sy van kerkwerk te onderskei, 'n bedryfskant, finansiële beplanning, eiendomme wat doelmatig beplan en bekom moet word; daar is 'n personeelfunksie en 'n bestuurskontrolespan (kerkraad) wat aan die hand van 'n reglement van orde (die kerkwet) opereer. Al hierdie fasette kan volledig beskryf word en selfs onderwerp word aan 'n effektiwiteitsbeoordeling[11].

Aan hierdie basiese sosiale aspek van kerkwees is daar in die denke van die kerk miskien nog nie genoeg aandag gegee nie. Die normale vir die kerk is om sy uniekheid te beklemtoon, sy andersheid in en teenoor die wêreld. Waarin is hierdie uniekheid geleë? Sekerlik dan in die selfverstaan van die kerk – in die interpretasie van die *betekenis* van dié elemente wat hy deel met vele ander organisasies of instellings. Dit beteken eenvoudig dat die kerk van daardie elemente *simbole* maak. Finansiële bydraes is nie 'n heffing om bedryfskapitaal aan die organisasie te verskaf vir kapitaalprojekte en/of instandhouding nie, maar word beskryf as 'offergawe,' dit wil sê, dankbaarheidsgawe wat ten doel het dat die werk van die Here aan hierdie mense voortgesit kan word. Net so is die predikant nie bloot die besturende direkteur wat gereeld 'n vergadering van aandeelhouers toespreek nie, maar hy is *Verbi Dei Minister* – (be)dienaar van die Woord van God. Hy hou nie 'n toespraak nie, maar verkondig die Woord van God aan die lidmate sodat hulle in 'n lewende verhouding met God staan. Net soos die finansiële bydraes simbolies verstaan word as uitdrukking van 'n geestelike houding wat die gevolg is van 'n bepaalde persoonlike verhouding tussen die mens en God, so is die persoon van die predikant in sy amp ook 'n simbool. Maar steeds is daar op sigwaarde geen verskil tussen die kerk en ander sosiale instellings nie. Van Niftrik (1946:183) stel dit soos volg: '... dat dit zichtbare lichaam Kèrk is, het lichaam van Christus, dàt kan ik *niet* zien -, dat is zaak van geloof'.

Daarom is daar 'n simbiose tussen kerk en samelewing, wat maar net beteken dat die kerk en die ander instellings in die samelewing mekaar wedersyds beïnvloed[12].

Dit is miskien belangrik om die gedagte van die *wedersydse* beïnvloeding weer te beklemtoon, want dit is presies daardie aspek wat in die teoretiese denke van die kerk verwaarloos is. Die kerk gaan naamlik in sy selfverstaan as geestelike grootheid van die veronderstelling uit dat dit deel van die wese van die kerk uitmaak om 'n apostolêre bewussyn te hê. Daaronder verstaan die kerk dat hy gerig is tot die wêreld; dat hy dié waarheid wat aan hom toevertrou is, aan die wêreld moet verkondig, *sodat die wêreld gekersten en deel van die kerk gemaak kan word*. Die veronderstelling is dus dat daar 'n eenduidige gerigtheid is van die kerk na die wêreld toe – die kerk hét die waarheid, en hy moet dit aan die wêreld meedeel. Dié veronderstelling is ook korrek in die lig van die omskrywing van die wese van die kerk. Dit is egter juis hierdie gerigtheid van die kerk in ooreenstemming met dit wat die wese van die kerk uitmaak, wat veroorsaak dat die werklik sosiale aard van die kerk en die implikasies daarvan nog nie behoorlik deurdink is nie. In al die literatuur wat betrekking het op Artikel III, die volkskerk en erediensbywoning, waar die onder-

skeid tussen die sigbare en onsigbare kerk bespreek word, word die sigbare kerk telkens vergeestelik wanneer daar byvoorbeeld oor die eenheid van die kerk of oor die apostolêre gerigtheid en beleid van die kerk gepraat word.

### 2.2.1 Toepassing op die NHK as institusionele grootheid

Die simbiose tussen kerk en samelewing blyk, soos reeds uitgewys (vgl Slegs Blankes!: 2.2, 2.3 en 3; Pont [1969]), uit die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Dit word ook geïllustreer in die bespreking oor sosiale groepe (vgl 1 – 1.3 hierbo) – die tendense wat daar beskryf word, kan duidelik by die Nederduitsch Hervormde Kerk as groep waargeneem word.

Die rassekwessie was van vroeg in ons land se geskiedenis af al 'n kontensieuse saak wat ernstige wrywing veroorsaak het – ook op kerklike gebied. Dit was immers dieselfde mense wat op die Oosgrens in 'n voortslepende oorlog gewikkel was met swartes, wat op Sondae in die kerk gesit het, wat met ontbering hulle identiteit moes handhaaf teenoor die Britse politieke beleid. Dit is daardie mense wat hulle vryheid en identiteit so hoog gestel het dat hulle bereid was om alles agter te laat en te trek na 'n vreemde bestemming waar hulle kon leef soos hulle wou. Dit is hulle wat 'n bloedige stryd om oorlewing moes voer teen die swart stamme in die binneland. Dit is daardie mense wat 'n republikeinse ideaal verwesenlik gesien het in die republieke van die Transvaal en Oranje-Vrystaat. Dit is presies dieselfde mense wat in die grondwet van hulle republiek bepaal het dat hulle dit as beleid stel dat hulle nie met die swartes wil meng nie – nie staatkundig, sosiaal of kerklik nie. Uiteindelik het die politieke instelling die kerklike instelling sodanig beïnvloed dat die skeidingsmaatreëls in die kerk se eie ordereëls opgeneem is – want dit was dieselfde mense wat in beide instellings geleef en gewerk het.

Juis daarom moet die kerk kennis neem dat die beïnvloeding glad nie so eenduidig van die kerk af op die wêreld uitgaan nie. Dit kan miskien waar wees wat die uitdra van die evangelie betref, maar nie wat die invloed van sekulêre idees en gedrag betref nie – daaraan is die kerk as sosiale instelling volledig blootgestel, want dit is dieselfde mense wat in die verskillende instellings leef (vgl 1.3 hierbo). Dit kan 'n ernstige teologies-etiese probleem skep, naamlik dat die kerk die sekulêre woord of idee so kan assimileer dat hy dit later as deel van sy geestelike opdrag beskou om hierdie idee te verdedig en te bestendig. Dit is na my mening presies wat gebeur het met die maatreëls oor erediensbywoning in die Nederduitsch Hervormde Kerk.

## 2.3 Die volkskerk

Die oorsprong en inhoud van die begrip 'volkskerk', en die toepassing daarvan in die Nederduitsch Hervormde Kerk is behoorlik nagevors en weergegee deur uiters bekwame teoloë van ons kerk (vgl o a Pont [1969], 1978b, 1986a, 1991; Botha 1973; Botha 1989; Van der Westhuizen 1989, 1990; Van Zyl 1989; Van Wyk 1991a, 1991b; Van Wyk 1991; Botes 1992). Dié sake word gevolglik nie hier herhaal nie.

Die beginsels waarop die volkskerkbegrip gebaseer is, soos geformuleer deur Hoedemaker en oorgeneem deur ons kerk, vind by my volle aanvaarding. Ek verstaan dit so dat hierdie begrip 'n aanduiding is van die *gerigtheid* van die kerk tot die normale en vanselfsprekende organiese verbande waarin mense lewe, naamlik die gesin en volk (vgl o a Van der Westhuizen 1990:71; Van Wyk 1991b:777), sonder dat die kerk ooit 'wesensgelyk' (Van Wyk 1991b:772-773) met die volk word.

Daar is egter 'n wesenlike gevaar in die wyse waarop sommige teoloë die begrip 'verbond' met die 'volkskerk' verbind. Die term 'verbond' funksioneer as 'n metafoor om 'n bepaalde verhouding voor te stel – 'n verhouding waarin God die inisiatief neem en waarin hy die mens op grond van sy genadige liefde betrek. Oor die feit dat die Bybel God se verhouding met die mens onder andere met die beeld van die verbond uitbeeld, is daar dus eenstemmigheid. Dit geld vir beide die Ou en die Nuwe Testament. Dat uit die begrip 'verbond' egter reglynig afgelei kan word dat God sy verbond met nasionaal-partikuliere volkere oprig, is onaanvaarbaar[13]. Dit sou impliseer dat die volk 'n wesenselement van die Kerk van Christus moes uitmaak, waardeur die nasionaal-partikuliere volk in werklikheid tot godsvolk verklaar word. Dit is kennelik nie die geval nie: 'Want volk of taal as sodanig is nie primêr konstituerend vir die kerk waarvan Jesus Christus die Hoof en Heer is nie, want kerk en volk is nie identiese eenhede nie. Die Woord van God verklaar 'n bestaande volk nie tot 'n heilige volk nie...' (Pont 1978b:107). Die term 'verbondsvolk' dui aan dat almal wat by hierdie kategorie ingereken kan word, in 'n besondere verhouding met God staan – 'n verhouding wat deur Hom opgerig is, en wat aangedui word met die metafoor 'verbond'. Die begrip 'volk' in nasionaal-partikuliere sin het vir hierdie verhouding slegs dié belang dat dit vir die kerk, wat die instansie én die ruimte is waardeur en waarin hierdie verhouding tot stand kom, 'n middel is om sy apostolêre opdrag uit te voer. Dié begrip sou enige tyd uitruilbaar wees met watter kategorie dan ook al as organiese verband beskou sou word – so sou daar byvoorbeeld gepraat kon word van 'n 'gesinskerk'.

Die konsep van 'n volkskerk kan dus ondersteun word, maar gekwalifiseerd – as 'n kerk wat inheems word aan 'n bepaalde volk ten einde die evangelie-oordrag te fasiliteer sodat die volkslewe gekersten kan word. Van der Westhuizen (1990:71) verklaar:

> Omdat die volkskerk op die volk gerig is, gaan hy in die volksgeledinge in. Hy gaan nie op in die volk nie. Die volkskerk is nie van die volk nie. 'n Christen is nie van die wêreld nie, maar in die wêreld. Dit is 'n suiwer heidense verhouding om die volkskerk 'n kerk van die volk te maak. Dan neem 'n volk, of 'n tradisie, of 'n sisteem,...'n kerk in en ontdaan hom van sy wesenlike.
>
> (Van der Westhuizen 1990:71)

Die kerk as volkskerk het dus die roeping en die opdrag om in dié volk waaronder hy werk, deur die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus mense in 'n persoonlike verhouding met God te bring. Hierdie verhouding word beskryf as die verbond, en die wesenseienskap daarvan is dat dit 'n verhouding is wat berus op God se inisiatief en genade (vgl Van Zyl 1989:91). Daarom word dit ook die *genadeverbond* genoem, as aanduiding dat die mens geen verdienstelikheid kan aanbied nie, maar in dankbare erkenning die verantwoordelikheid tot diensbaarheid sal aanvaar wat in hierdie verhouding van hom gevra word. In hierdie verband is die verbintenis tussen 'verbond' en 'volkskerk' ook logies (vgl o a Botha 1989:17, 21, 28; Van Zyl 1989:90-91).

Wanneer 'volkskerk' en 'genadeverbond' egter op so 'n manier met mekaar verbind word dat die 'verbond' as 'n seleksiebeginsel opereer op grond waarvan sekere kategorieë mense uit die eredienste van die kerk uitgesluit word, het die aspek van 'volk' dominant geword in die begrip 'volkskerk' (vgl Pont 1978b:107; Herderlike Skrywe 1973). Dan kan tereg gepraat word van 'n 'volksteologie' (vgl Van Wyk 1991b:773).

Hierdie werkwyse kom byvoorbeeld na vore by Van Wyk (1991). Eers identifiseer hy die Nederduitsch Hervormde Kerk as kerk wat gebaseer is op die genadeverbond, en stel dan dat 'n verbondsmatige kerkbegrip noodwendig die volkskerk na vore bring (Van Wyk 1991:238). Dan argumenteer hy verder: 'Wanneer die verbond as basis van die kerk aanvaar word, is daarmee duidelik die teologiese basis van die kerk gestel as 'n basis en oorsprong wat alleen deur God moontlik is. Daarom kan gesê word: Die Nederduitsch Hervormde Kerk...is nie gestig nie, maar is openbaring van die een heilige, algemene Christelike Kerk" (Van Wyk 1991:238-239). Nadat hy die kerk so gedefinieer het, stel hy die voorwaardes vir lidmaatskap: 'Omdat die kerkbegrip van die Hervormde Kerk verbondsmatig is, beteken dit dat die doop teken is van die genadeverbond, en dat die primêre vorm van lidmaatskap dooplidmaatskap is' (Van Wyk 1991:239). Hoewel hy dan stel dat die kerk moet sorg dra dat hy 'as kerk bowe-nasionaal bly' (Van Wyk 1991:239), formuleer hy in sy gevolgtrekking: 'Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika handhaaf die Kerk as volkskerk, as openbaring van die een, heilige,

algemene, Christelike Kerk, op grond van die genadeverbond' (Van Wyk 1991:241). Die kardinale vraag wat uit hierdie formulering na vore kom, is of die Nederduitsch Hervormde Kerk as volkskerk openbaring van die heilige, algemene Kerk is (soos geïmpliseer word), en of die Nederduitsch Hervormde Kerk as openbaring van die heilige, algemene Kerk volkskerk is (kan wees). Met ander woorde, is die volkskerkbegrip deel van die wese van die Kerk wat ons bely, of nie?

Dat Van Wyk op die grondslag van eersgenoemde moontlikheid redeneer, blyk uit sy verdediging van Artikel III van die Kerkwet as hy oor lidmaatskap praat:

> Wanneer die verbondsmatige volkskerkbegrip in ag geneem word, is daar nie sprake van uitsluiting uit die kerk nie...Artikel III is nie 'n uitsluitingsartikel nie, maar in die gees van die kerklike orde 'n reëlingsartikel, wat in die midde van die kerk orde wil skep, sodat die Woord voorrang kan geniet. Die rasmatige onderskeiding hang dus saam met die volkskerklike onderskeiding omdat die kerk inderdaad gebruik maak van die eiendomlike van elke volk om die evangelie op sy adres te bring. Die biologiese volk is inderdaad ook 'n rasmatige begrip, omdat rasse bestaan uit bepaalde volke.
>
> (Van Wyk 1991:249)

Die wyse waarop die elemente van verbond, volkskerk, lidmaatskap, volk en ras in hierdie argument met mekaar verbind word, kom sterk ooreen met die gevolg-etiese redenasies wat in die 1973 Herderlike Skrywe gevolg is waar die gevolgtrekking reeds ingeweef word in die aanvanklike proposisie, sodat die argument skynbaar met 'n innerlike wetmatigheid tot dié bepaalde konklusie moet lei (vgl Slegs Blankes!: 3.4). In werklikheid is dit 'n drogredenasie wat die kerk uitlewer aan ideologiese verwringing[14].

Dieselfde tipe redenasie kom voor by Van der Westhuizen (1989). Hy stel: 'Die Ned Herv Kerk se grense of lidmaatskap sluit Nie-Blankes uit. Dit doen hy omdat hy 'n openbaring van die ware kerk is, maar nie die enigste nie. Aangesien elke spesifieke volkskerk op 'n spesifieke volk gerig is, is 'n volkskerk se lidmaatskap hoofsaaklik tot daardie volk beperk' (Van der Westhuizen 1989:73). Hier word die aanname gemaak dat die verskeidenheid van openbarings van die ware kerk dit regverdig dat 'n spesifieke kerk sekere mense mag uitsluit. Dan word die redenasie verder gevoer met 'n voorbeeld:

> Indien die medici vanweë die verskyning van een of ander virus byvoorbeeld, sê dat 'n gemeenskap vir 'n bepaalde tyd nie in een of ander byeenkoms moet vergader nie, is dit nie Bybels-verantwoordbaar vir 'n gemeente om dié opdrag summier te ignoreer en in 'n

> erediens byeen te kom nie. Die Bybel sê wel dat die onderlinge byeenkoms nie versuim moet word nie, dat daar altyd en reëlmatig deur die gelowiges gemeenskapsbeoefening ook op die wyse van 'n byeenkoms moet wees. Tydelike omstandighede, nie deur die Bybel of die kerk bepaal nie, maar deur die betrokke kundiges geïdentifiseer, spreek hier in sekere sin mee oor dinge wat geloofsake raak. Sonder dat die kerk nou natuurlike teologie bedryf, het hy God en sy naaste lief met die verstand deur verstandig rekening te hou met wat die kundiges van die mediese wêreld sê. Anders kan die gemeente of kerk dalk die volk of die hele mensdom in gevaar stel. Net so is dit ook nie natuurlike teologie of geskiedenisteologie nie wanneer 'n kerk getrou bly aan die Bybel, maar tog rekening hou met wat politieke of staatkundige kundiges hom byvoorbeeld oor konflikpotensiaal sê.
>
> (Van der Westhuizen 1989:73)

Hierdie voorbeeld brei die regverdiging van geslote lidmaatskap uit na die erediens. Hoewel toegegee kan word dat omstandighede soms besondere maatreëls noodsaak, moet hier twee sake aangemerk word:

* Daar kan 'n botsing wees tussen die noodsaak van die kerk om getrou te bly aan die Bybel enersyds, en die advies van kundiges andersyds. Watter keuse sou die kerk dan maak?
* Dit moet duidelik wees dat die argument oor die advies van kundiges ewe goed die teenoorstaande standpunt kan ondersteun. Na watter kundiges luister 'n mens? En wat as die kundiges adviseer dat juis geslote lidmaatskap en geslote eredienste die konflikpotensiaal verhoog? Dan sal die kerk ook God en sy naaste met die verstand moet liefhê deur verstandig te luister na die advies en sy maatreëls onmiddellik te laat vaar!

Dit is duidelik dat die begrip 'volkskerk,' soos gekwalifiseer, 'n logiese en realistiese waardering is van die moontlikhede wat die kerk kan benut vir die uitvoering van sy roeping in die wêreld. Dit is egter noodsaaklik dat die kerk bedag sal wees op die inherente gevare van die konsep, veral vir sover dit 'n verwarring kan bring in ons denke oor die wese van die Kerk wat ons bely (vgl ook Pont 1978b; Van Wyk 1991b: 775). Die Nederduitsch Hervormde Kerk as volkskerk is deel van die sigbare kerk, die organisme. Dit het te doen met die selfverstaan van die kerk in sy empiriese vorm, maar ook met die verband met die ander verskyningsvorms van die ware Kerk. Sy volkskerklikheid is nié terug te herlei na die onsigbare Kerk nie.

Daarby moet veral gewaak word teen die misbruik van die verbondsteologie om die uitsluiting van bepaalde kategorieë mense uit die kerk mee te legitimeer. Daar moet onderskei word tussen die *genade-aanbod* van God in Jesus Christus aan alle

mense, wat universeel én individueel is, en die verbondsgemeenskap as beskrywende kenmerk van die versameling mense in die gemeentes wat bekend staan as die Nederduitsch Hervormde Kerk en wat in 'n baie spesifieke verhouding met God staan. Die verbond as verhouding kom tog slegs tot stand wanneer die genade-aanbod in Christus deur die werking van die Heilige Gees aanvaar en geglo word (Van Zyl 1989:91), en sulke mense dan deel word van die heilige, algemene Kerk. As sodanig staan die Kerk altyd oop vir die wat die genade (nog) nie aanvaar het nie. As die genade-aanbod nie inklusief is nie, en as daardie aanbod nie 'n resiproke aksie van aanvaarding en gehoorsaamheid verlang nie, word 'genade' en 'verbond' bloot God se seleksie-beginsel en seleksie-werktuig, en funksioneer dit presies soos die deterministiese uitverkiesingsleer.

Venter (1984), in 'n bespreking van die verband wat in die verbondsteologie gelê word tussen doop en verbond, waarsku ook teen die verheffing van die verbondsbegrip tot 'n sentrale hermeneutiese sleutel op grond waarvan die verhouding tussen God en mens verklaar en begryp kan word. Met verwysing na 'n klemverskuiwing in die teologie weg van die éénheid van die Ou Testament na die pluriformiteit daarvan, stel hy:

> Een belangrike gevolg van hierdie klemverskuiwing is die kritiese korrektief wat gestel moet word op die bestempeling van enige saak soos 'verbond' as die sentrale gedagte van die Ou Testament. Verbondsteologie kan nie langer gesien word as die enigste of selfs as die sentrale teologie in die Ou Testament nie. Weliswaar kom daar verbondsteologie op baie plekke in die Ou Testament voor. Dit staan ook in die sentrale posisie in die meeste van die gedeeltes waarin dit voorkom. Daar is egter baie ander gedeeltes...waarin die verbond nie genoem word nie en 'n verbondsteologie selfs nie eens op versweë wyse funksioneer nie. Ander teologiese ontwerpe vorm daar die raamwerk vir die inhoude. Daar kom meer as een teologiese ontwerp voor in die Ou Testament.
>
> (Venter 1984:55-56)

In sy gevolgtrekking kom hy tot hierdie belangrike konklusie:

> Dit is nie wenslik dat die kerk sy teologie slegs op die model van die verbondsteologie baseer nie. Verbondsteologie sal sonder 'n totalitêre karakter, naas baie ander vorme van teologie wat in die Bybel voorkom, 'n breë basis moet vorm waaruit die kerk sy teologiese arbeid onderneem.
>
> (Venter 1984:66)

## 3. GODSDIENSTIGE BYEENKOMSTE

Dit is vanselfsprekend dat die kerk in gehoorsaamheid alle maatreëls wat hy tref ten opsigte van sy kerkwees in die wêreld sal toets aan die norm van die Woord van God, aangesien die Woord 'n konstituerende element van die kerk is.

Die maatreëls wat hier ter sprake is, is dié wat sekere kategorieë mense verbied om bepaalde eredienste van die gemeente by te woon. Die vraag is nou: Wat is die onderwerp waaroor ons die Skrif moet ondervra?

Dit lyk logies dat ons in die eerste plek sal kyk na wat die Skrif te sê het oor 'n 'erediens' (godsdienstige byeenkoms) in daardie tyd. Tweedens is hier duidelik sprake van afgrensing van een groep teenoor 'n ander, en in die lig daarvan sal ons die Skrif ondervra na die onderwerp van eksklusiwiteit teenoor inklusiwiteit. Laastens sal ons ook kyk na die konstituerende elemente van godsdienstige byeenkomste in later tye tot vandag.

### 3.1 Godsdienstige byeenkomste in die Bybel

Daar bestaan verskeie goeie oorsigte oor die feit, aard, inhoud en funksie van godsdienstige byeenkomste in die tyd van sowel die Ou as die Nuwe Testament, sodat die informasie nie hier herhaal hoef te word nie[15].

Die ondersoek onder die opskrif *godsdienstige byeenkoms* spits ons dan toe op gevalle waar direk sprake is van 'n verbod of beperking op die bywoning van of deelname aan sodanige rituele deur individue en/of kategorieë persone. Weer is hier nie gepoog om volledig te wees nie, maar wel om by wyse van illustrasie een of twee gevalle te toets.

#### 3.1.1 Ou Testament

Wat die Ou Testament betref, konsentreer ons op twee gedeeltes, naamlik Levitikus 21:16-23, en Deuteronomium 23:1-8[16].

Die gedeelte in *Levitikus* het betrekking op die priesters wat die offerrites moet behartig. Deelname aan die offerrites, wat 'n integrale deel van die 'erediens' in die tempel was, was verbode vir enige priester met 'n liggaamsgebrek. Dit sluit in: blindes, kreupeles, 'n misvormde gesig of liggaamsdeel, 'n gebreekte voet of hand, 'n boggel of onderontwikkelde liggaam, 'n pêrel op die oog, skurfte of veluitslag, of beskadigde geslagsdele. Ons lees in Lev 21:21 die volgende: 'Geen persoon uit die priestergeslag mag dus in die heiligdom ingaan om te offer as hy 'n liggaamlike tekortkoming het nie'[17].

Wat die gedeelte in *Deuteronomium* betref, gaan dit oor wie nie 'lid van die gemeente' mag word nie – tog het dit by wyse van afleiding ook betrekking op die deelname aan die kultusbyeenkoms. Weer word daar verwys na persone met beska-

digde geslagsdele (vgl Dt 23:1). Verder word daar spesifiek verwys na lede van twee volke wat nie lid van die gemeente mag word nie, naamlik die Ammoniete en die Moabiete (Dt 23:3). Die rede vir dié verbod is onderskeidelik dat hulle die Israeliete nie wou help tydens die uittog uit Egipte nie, en dat hulle vir Bileam gehuur het om die Israeliete te vervloek (Dt 23:4). Tog is dit 'n verbod wat net dié betrokke volke raak, nie alle nie-Israeliete nie. Ons lees in Deuteronomium 23:7: 'Jy mag egter nie 'n Edomiet wegstoot nie, want hy is jou bloedverwant; ook nie 'n Egiptenaar nie, want jy was 'n vreemdeling in sy land'.

Ons kan ook wys op die vraag van Psalm 15:1 – 'Wie het die reg om in u woonplek te kom, Here? Wie mag op u heilige berg vertoef?' Hier word die persoon wat toegang het tot die tempel (en ook die kultusbyeenkoms) egter gedefinieer in terme van handelingskategorieë, en nie synskategorieë nie.

### 3.1.2 Nuwe Testament

In die Nuwe Testament het ons een geval waar 'n persoon toegang tot die tempel verbied word omdat hy van 'n ander volksgroep was, naamlik Handelinge 21:28-30. Dit sou egter meer korrek wees om te sê dat hy verbied is omdat hy 'n nie-Jood was (vgl Hd 10:28).

## 3.2 Inklusiwiteit en eksklusiwiteit in die Bybel

Ons het reeds vantevore daarop gewys dat die belang van bogenoemde gedeeltes veral geleë is in die feit dat dit sekere kernwaardes weergee wat in Jesus se tyd steeds vir die Jodendom gegeld het (vgl 3.1.1 hierbo). Die kernwaardes waarvan hier sprake is, het te doen met hoe God verstaan is. 'n Analise van die maatreëls wat betrekking het op die bywoning van en deelname aan kultusbyeenkomste in die tempel, soos dit onder andere na vore kom in die gedeeltes wat hierbo bespreek is, gee 'n aanduiding van die mense se persepsie van God, asook van hulleself as die volk van God.

### 3.2.1 Eksklusiwisme

In Levitikus 11 en 19 onderskeidelik word daar 'n opdrag aan Israel gerig wat lui: 'Wees heilig, want Ek is heilig'. In ooreenstemming met die heiligheid van God het Israel homself in terme van onder andere Numeri 15:40 gesien as die volk wat aan God gewy is, en daarom 'n volk wat uniek was onder die ander volkere van die tyd. Die kernwaarde van die Joodse volk was dus die 'heiligheid' van God. Die implikasie van hierdie kernwaarde was dat die 'skeppingskategorieë' uitmekaar gehou moes word, aangesien alles in die skepping die goddelike orde van klassifikasie, diskriminasie en orde moes vertoon en handhaaf (vgl Douglas 1966:53). *Heiligheid*

word dus uitgedruk deur heelheid, volmaaktheid – daarom die eis dat nog die priester wat die offer moet bring, nog die offerdier, enige liggaamsgebrek mag hê (vgl 3.1.1 hierbo). Hierdie kernwaarde van 'heiligheid' word in die Bybel uitgedruk met die terme *rein/onrein*, en is nie net van toepassing op die fisiese liggaam nie, maar word ook uitgebrei om die sosiale 'liggaam' in te sluit – dit wil sê, die gemeenskap of volk. *Reinheid* verwys dus na alles wat die uniekheid van die volk bevestig en onderbou. *Onreinheid*, daarenteen, verwys na alles wat die uniekheid van die volk bedreig, omdat dit in die finale instansie die heiligheid van God self bedreig. Die volk as afsonderingsvolk van God moet ten alle koste gehandhaaf en beskerm word teen enigiets wat sy uniekheid bedreig.

Riglyne waarvolgens die alledaagse lewe gestruktureer is om uitdrukking te gee aan die kernwaarde van *heiligheid* is afgelei van die tempel met sy offerkultus. Die tempel het die bron en sentrum geword van die geordende sisteem van die samelewing. Heiligheid is getoets aan die tempel as normatiewe instelling, en het gegeld vir dinge (offerdiere), mense (wie mag offer?), plekke (waar moet geoffer word?) en tye (wanneer moet die offer gebring word?).

Neyrey (1991a:278) noem hierdie reëlings 'maps' waarvolgens daar hiërargiese kategorieë van heiligheid bestaan. Hy dui aan hoedat eerste-eeuse Jode hulle samelewing gereël het om uitdrukking te gee aan hierdie kernwaarde (Neyrey 1991a:278-280):

*Plekkategorieë:* (hier is tien grade van heiligheid)

1. Die land Israel is heiliger as enige ander land...
2. Die ommuurde stede is nog heiliger...
3. Die ruimte binne die mure (van Jerusalem) is nog heiliger...
4. Die tempelberg is nog heiliger...
5. Die trappe van die tempel is nog heiliger...
6. Die hof van die vroue is nog heiliger...
7. Die hof van die Israeliete is nog heiliger...
8. Die hof van die priesters is nog heiliger...
9. Die ruimte rondom die altaar is nog heiliger...
10. Die Heiligdom is nog heiliger...
    Die Allerheiligste is nog heiliger... (*m. Kelim* 1.6-9).

Omdat heidene nie deel uitmaak van die Godsvolk nie, is daar nie eens 'n kategorie vir hulle nie.

*Persoonskategorieë:* (diegene wat teenwoordig mag wees as die boekrol van Esther gelees word)

1. Priesters
2. Leviete
3. Israeliete
4. Bekeerdes
5. Vrygemaakte slawe
6. Gediskwalifiseerde priesters
7. Netzins (tempelslawe)
8. Mamzers (buite-egtelikes)
9. Dié met beskadigde testikels
10. Dié sonder geslagsdele (*t. Meg.* 2.7).

Mense met beskadigde liggame word laaste geplaas, en dié met beskadigde familielyne voorlaaste. Die wat 'n plek naby die tempel het, word eerste geplaas. Die lys verteenwoordig dus 'n hiërargiese rangorde van mense se plek in die samelewing.

Bogenoemde sisteem van kategorisering is streng toegepas in die tyd van die Nuwe Testament. Ons lees byvoorbeeld hoe Jesus verwyt word dat hy saam met die tollenaars en sondaars eet; ons lees van beskuldigings dat Jesus nie die reinigingseremonies (handewassing) nakom nie; ons sien hoedat die 'onreines' in talle voorbeelde gebruik word en hoe Jesus die gebrokenes en uitgeworpenes te hulp kom.

**3.2.2 'n Korrektief: inklusiwiteit**

'n Tendensondersoek van die Nuwe Testament toon aan dat sowel die evangelieskrywers as Paulus polemiseer teen die Joodse eksklusiwisme. Hierdie polemiek maak trouens 'n belangrike deel uit van die Lukaanse literatuur – in sowel die Evangelie as Handelinge is die narratief so gestruktureer dat 'n ideologiese perspektief van inklusiwiteit onderskei kan word. Lukas dui hierdie inklusiwiteit (uitgedruk in terme van 'barmhartigheid' of 'medelye') aan as die korrekte Christelike houding, eerder as die eksklusiwisme van die Fariseërs (vgl Moxnes 1988; Neyrey 1991a; Elliott 1991; Van Staden 1991).

Soos in die geval van die Jode in die Ou testament en die Fariseërs in die tyd van die Nuwe Testament, is ook Lukas se siening gebaseer op 'n kernwaarde wat spruit uit sy persepsie van God. In teenstelling met die Fariseërs, wie se kernwaarde (heiligheid) uitgedruk word in terme van *reinheid*, word Lukas se kernwaarde uitgedruk deur die uitspraak in Lk 6:36 – 'Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is' (vgl Van Staden 1991:4).

Met hierdie kernwaarde van *medelye* of *barmhartigheid* as uitgangspunt polemiseer Lukas teen die Farisese beskouing dat almal wat nie voldoen het aan die eis van reinheid nie, uitgesluit was van God se genade. Lukas stel daarteenoor dat God juis in Jesus Christus sy hand uitsteek na daardie mense wat volgens die reinheidsbeginsel uitgesluit is uit die religieuse gemeenskap. Eksemplaries van sy standpunt in die Evangelie is sy redaksionele wysigings van die Markusstof, asook onder meer die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan (Lk 10:25-37; vgl Van Staden 1992a), die gelykenis oor beskeidenheid en gasvryheid (Lk 14:7-14; vgl Moxnes 1988:127-138; Van Staden 1991:222-225), die gelykenis van die Groot Maaltyd (Lk 14:15-24; vgl Van Staden 1991:225-233) en die gelykenis van die Oneerlike Bestuurder (Lk 16:1-13[18]; vgl Moxnes 1988:139-153; Van Staden 1992b).

In die boek Handelinge kom hierdie waarde van barmhartigheid as inklusiwiteit selfs nog sterker aan die orde in die vertelling van Petrus se ontmoeting met Kornelius (Hd 10 & 11). Hierdie gedeeltes is van besondere belang in die onderhawige bespreking, aangesien dit die duidelikste getuienis is van 'n oorskryding van menslike voorbehoude (ook religieuse voorbehoude) en selfs van organiese grense soos die van volkere, wanneer dit kom by die verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus. Petrus verwoord dit in Handelinge 10:34-35 soos volg: 'Waarlik, ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie, maar in enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is'. Die nasionaal-partikularisme van die Joodse godsdienstige aansprake word hiermee deurbreek en vervang met 'n universalisme. Hierdie teologiese waarheid (die universele gerigtheid van God se genade) word in Hd 15 bevestig.

Die vertelling oor Filippus en die Etiopiër dien ook as bevestiging van die opheffing van reinheidsgrense as maatstaf vir godsdienstige aanvaarbaarheid. Daar word spesifiek melding gemaak van die feit dat die Etiopiër *ontman* was. Dit beteken dat sy geslagsdele beskadig was, en dat hy in terme van die reinheidslys soos hierbo weergegee (vgl 3.2.1), eintlik 'n godsdienstige uitgeworpene was. In die lig van die evangelie kan hy egter gedoop word, dit wil sê, die teken van God se genade ontvang. Hoewel hy uit Afrika afkomstig was, word geen melding van sy ras gemaak nie – dié stilswye is veelseggend.

Nog meer veelseggend is 'n klein biografiese besonderheid in Hd 13:1, waar die 'profete en leraars' van die gemeente Antiogië genoem word. Een van die name is 'Simeon wat ook Niger genoem is'. Daar is konsensus onder kommentatore dat hier sprake is van 'n swart man (Bruce 1952:252; Newman & Nida 1972:243-244; Stählin 1975:173). Dit is insiggewend dat daar as identifiserende besonderheid na die etniese afkoms van 'n persoon verwys word (bv Etiopiër), maar nooit na ras nie. Dit was skynbaar totaal onbelangrik.

### 3.3 Evaluering van Skrifgegewens

Ons moet uit die voorafgaande bespreking die afleiding maak dat die vraag van wie geregtig is op deelname aan en bywoning van godsdienstige byeenkomste, in die Bybel nie groot prominensie geniet nie en nie aan diepsinnige teologiese evaluering onderwerp word nie.

In die gevalle waar 'n direkte verbod op deelname wel voorkom het dit te doen met reinheidsmaatreëls en nie met ras nie. In die Ou Testament speel etnisiteit wel 'n rol aangesien God op eksemplariese wyse van die volk Israel gebruik maak om Sy grootheid en almag in die wêreld bekend te maak. Tog word dit pertinent gestel dat die uniekheid van Israel as Godsvolk nie in die volk self geleë is nie, maar in God wat hulle geroep het, en word die ruimte ook gelaat vir mense van ander volkere om deur geloof deel te word van hierdie Godsvolk.

Wat die Nuwe Testament betref, is die indruk oorweldigend dat eksklusiwisme wat gehandhaaf word teenoor bepaalde kategorieë mense, as sou hulle op grond van een of ander synskategorie religieus onaanvaarbaar wees, nie in ooreenstemming is met die bedoeling van God nie. In elk geval is dit nie te versoen met die persepsie van God as barmhartig nie.

### 3.4 Latere godsdienstige byeenkomste

Die sinagogale erediens het verskillende elemente gehad, waarvan Skriflesing en -uitleg twee was (vgl Strack-Billerbeck 1928:153; Richardson 1962:884; Thomson 1962:1340). Richardson (1962:884) meen dat die woordkarakter van die Christelike erediens oorgeneem is van die sinagoge. Nagel (1970:18) beklemtoon die feit dat vir die Christelike godsdienstige byeenkomste die Woord en die Nagmaal nog altyd konstitutief was[18].

Dit geld ook vir die meeste Christelike kerke vandag. Ott (1973:398; vgl ook Pont [1969]:215; 1981:11) stel dit soos volg:

> Praktisch in allen christlichen Konfessionen, wenngleich je verschieden geprägt und bewertet, ist die Verkündigung des Wortes ein wichtiger Bestandteil des Lebens und der Erscheinung der Kirche. In manchen protestantischen Kirchen wird die Wortverkündigung sogar als die wichtigste, die primäre Erscheinungsform der Kirche betrachtet.
>
> (Ott 1973:398)

Waarom word hierdie gewig aan die Woordverkondiging toegeken? Volgens Berkhof (1958:610; vgl ook Ott 1972:399, 401) beskou die reformatoriese kerke die geïnspireerde Woord van God as 'n genademiddel, en ag hulle dit selfs hoër as die sakramente. Die rede hiervoor gee hy soos volg weer:

> The Bible is not only the *principium cognoscendi* of theology, but it is also the means which the Holy Spirit employs for the extension of the Church and for the edification and nourishment of the saints...Strictly speaking, it is the Word *as it is preached* in the name of God and in the virtue of a divine commission, that is considered as a means of grace in the technical sense of the word, alongside of the sacraments which are administered in the name of God.
>
> (Berkhof 1958:610)

Ott (1973:399-400) onderskei drie vrae wat die 'theologische Problem der Wortverkündigung' uitmaak: Wat moet verkondig word? Hoe moet verkondig word? Moet daar hoegenaamd verkondig word? Hiermee word werklik die vraag na die wese van die verkondiging gevra – verkondiging as kerugma, waarvan die normale Sondagse prediking in die erediens van die gemeente 'n uitdrukkingsvorm is (vgl Berkhof 1973:374).

Ter illustrasie van die rigting waarin antwoorde gesoek word op die vraag na die wese van die verkondiging, word hier enkele aanhalings weergegee:

> Die Verkündigung ist selbst eschatologisches Geschehen. In ihr, als Anrede, wird jeweils das Ereignis Jesus Christus präsent – präsent als das je mich in meiner Existenz treffende Ereignis.
>
> (Bultmann 1933:137, aangehaal in Ott 1972:400)

> Das Wort zeigt nicht einfach den Weg zur Gerechtigkeit und beschreibt diesen nicht nur, sondern es ist das Mittel, wodurch Gott den Menschen rechtfertigt, weil es den Glauben weckt.
>
> (Bizer 1966:167, aangehaal by Ott 1972:401)

> Das Wort Gottes (auch im Munde der Kirche in ihrer Verkündigung) ist nicht zuerst und zuletzt Didache, sondern Proklamation, in der die Ankunft des Proklamierten selbst geschieht...Das Wort der Verkündigung ist die wirksame, die Sache selbst her-stellende Proklamation der verkündigten Gnade....
>
> (Rahner 1954:323, aangehaal by Ott 1972:402)

Na aanleiding van hierdie aanhalings kan gesê word dat die Woordverkondiging altyd sy getuieniskarakter behou waardeur mense opgeroep word om die genadeaanbod van God in Jesus Christus te aanvaar, hulle tot die Here te bekeer en deel te word van die gemeente as die liggaam van Christus (vgl Pont 1981:257). Dit bly waar, ook wanneer die adres van die prediking die gemeente is, 'die volk van die verbond wat deel gekry het aan die koninkryk' (De Klerk 1977:77). Dit is immers

juis daardie 'volk van die verbond' van wie ons sê dat hulle 'n *corpus permixtum* is, ware gelowiges en skynheiliges deurmekaar. Daarom moet die prediking as verkondigde Woord van God altyd sy karakter behou as wyse en middel waardeur die genade werksaam gemaak word.

Hierdie beskouïng is ook in ooreenstemming met die 'vergader'-taak van die Woord soos dit in vraag en antwoord 54 van die Heidelbergse Kategismus na vore kom (vgl Haitjema 1962:141).

## 4. SAMEVATTENDE OORSIG

Die wye aanslag waarmee hierdie studie onderneem is, is genoodsaak deur die onderwerp self. Dit het uit die historiese oorsig geblyk dat die verbod op die bywoning van eredienste deur 'gekleurden' (vgl Slegs Blankes!: 2.2) in samehang met 'n algemene verbod op gelykstelling tussen wit en swart ontstaan het. Nêrens in daardie vroeë tyd word hierdie verbod teologies-prinsipieel beredeneer nie – dit was suiwer 'n ervaringsgegronde maatreël wat aanvanklik in die landswet bepaal is, maar later opgeneem is in die kerkwet[19].

Eers in 1973 is daar in die Herderlike Skrywe gepoog om 'n teologiese begronding vir dié maatreëls te verskaf deur te stel dat dit op die onveranderlike, Skrifgefundeerde beginsel berus dat God volkere gemaak het, en dat mense nie God se skeppingsordeninge moet omvergooi nie (vgl Slegs Blankes!: 2.3.1). Vanuit hierdie fundamentalistiese hantering van deskriptiewe historiese gegewens word dan op kasuïstiese wyse geredeneer dat die *eredienste* van die Kerk geslote is vir anderskleuriges, omdat die Kerk sy *lidmaatskap* geslote verklaar het vir anderskleuriges (vgl Slegs Blankes!: 2.3.4). Benewens hierdie enkele geval, het die Kerk hom nog altyd wyslik daarvan weerhou om hierdie maatreëls Bybels en teologies te begrond.

Juis omdat die Kerk te kenne gegee het dat hierdie maatreëls prakties van aard is, moet hulle geëvalueer word in terme van die sosiale verskynsel van intergroepgedrag. Dit het ons gedoen in afdeling 1 hierbo. Die afleiding wat daaruit gemaak is was dat die voorkoms van persepsies, vooroordele, sosiale kategorisering, stereotipering en maatreëls vir groepshandhawing nie uniek is aan die Hervormde Kerk nie – dit kom trouens tussen alle groepe voor as 'n tipiese sosiale verskynsel.

Hier tree daar egter 'n anomalie na vore. Terwyl die Kerk *institusioneel* nie verskil van enige ander instelling in die sosiale werklikheid nie, verskil hy wel in terme van sy *selfverstaan* deurdat hy aan sy funksionarisse en die aksies van sy lede simboliese karakter toeken (vgl 2.2 hierbo). Dit doen hy in ooreenstemming met sy gesagsbron, die Bybel, wat aan die Kerk 'n geestelike karakter gee.

Die Kerk verstaan homself ooreenkomstig sy belydenis as 'n openbaring van die een, heilige, algemene Kerk. Hierdie algemene Kerk is 'n geestelike grootheid, en as sodanig onsigbaar en aan God alleen bekend (vgl 2.1 hierbo). Die Nederduitsch Hervormde Kerk as openbaring van die heilige, algemene Kerk, kies om homself uit te druk as 'n Christusbelydende volkskerk – dit wil sê, 'n kerk wat gebruik maak van die organiese verband van 'n volk om sy roeping om mense na Christus te lei, deur sy verkondigingstaak effektief uit te voer.

In aansluiting by die kenmerke van groepe (vgl 1 hierbo) toon die Nederduitsch Hervormde Kerk met sy maatreëls dat hy uit sy geskiedenis 'n sterk reinheidsdenke geërf het op grond waarvan die skeppingskategorieë ook rasmatig uitmekaar gehou moet word (vgl 3.2 hierbo). In hierdie verband bevind die Kerk hom in 'n dilemma, aangesien hy 'n reformatoriese kerk is wat glo dat hy homself blywend moet hervorm na die eise van Gods Woord. Die Woord, veral die Nuwe Testament, spreek hom ondubbelsinnig uit teen 'n eksklusiwistiese houding teenoor bepaalde kategorieë mense (vgl 3.2.2 hierbo).

Hierbenewens het dit geblyk dat die Woordverkondiging 'n konstituerende element van die kerk uitmaak, aangesien die genade deur die verkondigde Woord bemiddel word. Dit beteken dat die erediens, wat die ruimte is waarbinne die Woord verkondig word en waarbinne sy getuienisaspek tot sy reg kom, kragtens daardie aspek 'n universeel gerigte gebeure is. Terwyl die gemeentelike erediens ongetwyfeld ook ander aspekte moet hê, soos gemeentelike opbou en kontrole, maak die wese van die Woordverkondiging (vgl 3.4) altyd van die erediens 'n universeel gerigte aksie.

Dit beteken dat geen persoon of kategorie van persone op die basis van synskategorieë toegang tot 'n erediens geweier kan word nie – dan sou die Kerk in stryd met die Woord self optree.

### 4.1 Huidige posisie

Die Nederduitsch Hervormde Kerk het in die loop van die geskiedenis verskillende standpunte gehandhaaf oor die bywoning van eredienste deur anderskleuriges. Ons kan hierdie standpunte soos volg weergee:

- die eredienste is geslote (1857/1858 Grondwet ZAR);
- die eredienste is oop (1963 *Gelyke Geleenthede*; vgl Slegs Blankes!: 3.4);
- die eredienste is toe (1973 Herderlike Skrywe); en
- die eredienste is half-oop (1979, 1986).

Die jongste Algemene Kerkvergadering (1992) het bevestig dat besondere eredienste bygewoon kan word, maar dat gewone eredienste geslote is.

Ek meen dat hier genoegsame teologiese getuienis na vore gekom het wat die Kerk noodsaak om sy standpunt te heroorweeg. Daarbenewens het 'n mens ook baie duidelik die morele aanvoeling dat sodanige maatreëls nie meer versoenbaar is met die veranderde omstandighede in Suid-Afrika nie. Ons oordeel dat dit buite die bevoegdheid van die Kerk val om sekere kategorieë persone van die Woordverkondigingsgeleentheid uit te sluit. Die Kerk behoort hom trouens glad nie uit te spreek oor die samestelling van sy gehoor nie, anders as om blydskap te betuig oor elkeen wat na die Woord wil kom luister.

### 4.2 Slotwoord

'n Basiese beginsel in die historiese kritiek is dat 'n historiese teks in die eerste plek getuienis is van die tyd van skrywe. Dit beteken dat 'n teks beoordeel moet word in terme van die omstandighede waarin en waarvoor dit geskryf is. Hierdie beginsel is sekerlik ook oordraagbaar op historiese besluite. Daarom is 'n kritikastiese houding ten opsigte van historiese besluite en gebruike onaanvaarbaar en onvanpas, en is daar nooit in hierdie ondersoek beweer dat die maatreëls onder bespreking verkeerd was in die tyd toe dit getref is nie. Omdat ons die omstandighede van ons voorouers nie deel nie, en geen werklike begrip het van die lyding en ontbering van die Groot Trek wat vir hulle pas agter die rug was nie, moet ons ons daarvan weerhou om hulle besluite te kritiseer.

Aan die ander kant sou dit ewe verkeerd wees om maatreëls wat meer as 'n eeu gelede getref is, sondermeer as waar en reg vir ons eie dag te aanvaar. Sulke maatreëls moet telkens weer getoets word aan die maatstaf of dit in nuwe omstandighede steeds uitdrukking is van die wil van God. Gemeet aan hierdie maatstaf is ons gevolgtrekking: Die Kerk behoort géén maatreëls te tref wat sekere kategorieë mense uitsluit van die Woordverkondigingsgeleentheid nie, want verkondiging van die evangelie is 'n universeel gerigte aksie.

### ENDNOTAS

1. Dit wil sê, gemeenskaplik aan verskeie kulture.
2. Binne dieselfde kultuur of samelewing.
3. Vergelyk Baron & Byrne 1991:441-444 en Worchel et al 1991:434-469 vir 'n omskrywing van dié begrippe.
4. Vir 'n goeie oorsig oor en grondige bespreking van die kerk, vergelyk De wet & Pont 1964:103-120; Berkhof 1958:555-578; Berkhof 1973:356-441; Ott 1973:354-430.

5. Van Niftrik (1946:183) verklaar dié verhouding soos volg: 'Men kan dus noch van de 'zichtbare', noch van de 'onzichtbare' Kerk spreken, zonder tegelijk van beide te spreken...Ik mag het zichtbare en het onzichtbare niet identificeeren. Dan zou ik Rooms geworden zijn. Maar ik mag ze ook niet uit elkaar rukken. Dan zou ik een spiritualistische en (of) idealistische dweper geworden zijn'. (Vergelyk egter 2.2 vir die onderskeid tussen 'organisme' en 'instituut' as aspekte van die sigbare kerk.)

6. Vanselfsprekend nie alle institusionele kerkgenootskaplike vorme nie, maar slegs dié wat voldoen aan die definisie van die 'ware kerk', dit wil sê. wat die toets van die notae ecclesiae slaag. 'Korrelasie' moet ook nie so verstaan word dat selfs 'n konkrete kerkgenootskap wat voldoen aan die kwalifikasies van die notae ecclesiae, in alle opsigte sou ooreenstem met die heilige, algemene Kerk nie. Dit beteken wel dat dit wat verstaan word as die wese van dié Kerk wat ons bely, ook weerspieël moet word deur dié institusionele kerk wat kragtens voldoening aan die notae ecclesiae beskou kan word as die 'ware kerk'.

7. Hoewel die onderskeiding ietwat kunsmatig kan voorkom word dit hier gehandhaaf omdat dit van nut is in die analise van die probleem wat ondersoek word (dit is 'n ander onderskeid as dié tussen die sigbare en onsigbare kerk). Berkhof (1973:413) verwys soos volg hierna: 'Bavinck...brengt echter terloops het door Kuyper naar voren gebrachte begrip 'de kerk als organisme' (tegenover 'de kerk als instituut') ter sprake. Vanwege de sterk tegenoverstelling is dit begrip...fel bekritiseerd; het verdient echter beter'.

8. Die kerk as instituut is die *mater fidelium*, die moeder van die gelowiges, 'a *Heilsanstalt*, a means of salvation, an agency for the conversion of sinners...' (Berkhof 1958:567).

9. Hierdie aspek van die sigbare kerk het nie onmiddellike betrekking op die onderhawige bespreking nie, aangesien dit deel is van die selfverstaan van die kerk deur die toekenning van simboliese betekenis. Dit word nie hier verder bespreek nie, maar kom wel in die bespreking oor 'volkskerk' weer ter sprake.

10. Die kerk se interpretasie van homself as verbondsgemeenskap wat deur die Heilige Gees gedra word, kom hier nie in berekening nie.

11. Die Nederduitsch Hervormde Kerk gee trouens volledig erkenning aan hierdie aspek van kerkwees deur aan pas afgestudeerde predikante 'n kursus in gemeentelike praktyk te bied, en hierdie kursus op te volg met verskeie ander kursusse en programme.

12. Sosiaal-wetenskaplikes meen trouens dat in verskillende kulture en in verskillende tye een of meer van hierdie 'sosiale instellings' dominant is, en dat die ander daarby ingebed is (Malina 1986:152-153; vgl ook Neyrey 1991b:xvi; Van Staden 1991:57). So word deur navorsing aangetoon dat die familiale en politieke instellings dominant was in die eerste eeu, terwyl die ekonomiese en politieke vandag die dominante instellings van die samelewing uitmaak.

13. Dit sou ook ooreenkom met die volkskerkbegrip soos dit na vore kom in die Duitse sendingwetenskap, waarteen Pont (1978b:106-107) soos volg waarsku: 'Hierdie sendingmetode vestig etnies-bepaalde kerke waarin die volkseie van die heidene 'n sterk bepalende rol speel. Die begrip volkskerk het 'n te sterk etniese belasting om werklik bruikbaar te wees'.

14. Pont (1978b:107) waarsku in hierdie verband: '...die Christokratiese karakter van die kerk (mag) nie deur etnies-sosiologiese oorwegings...oorheers word nie'.

15. Hierdie byeenkomste staan onderskeidelik bekend as 'worship', 'Gottesdienst' en 'erediens', en kan nagelees word in die werke van Cronbach (1962), Davies (1962), Richardson (1962), Thomson (1962), Bakhuizen van den Brink (1965), Strathmann (1967), Nagel (1970), Josuttis (1975).

16. Hierdie gedeeltes is belangrik, omdat dit bepaalde *kernwaardes* weergee, waardes waarop beide die godsdienstige én die sosiale lewe van Israel gegrond is. Hierdie waardes het gegeld tot in Jesus se tyd, en Paulus en die evangelieskrywers polemiseer juis daarteen.

17. Dieselfde vereistes geld vir die offer self (vgl Lev 22:17-25).

18. Vergelyk Nagel (1970) vir 'n volledige histories-chronologiese behandeling van liturgiese elemente in die geskiedenis van die Kerk.

19. Pont ([1969]:213 nota 32) haal in hierdie verband 'n baie interessante gedeelte aan uit die *Notulen der Algemeene Kerkvergadering van de Nederd. Hervormde Kerk in de Z.A.R., 1888*:

> ...dat de vroegere Herv. Kerk, gevestigd door het volk van het land, en alzoo de Kerk van den Staat, niet gehouden was, om te waken voor de gelijkstelling van kleurlinge met blanken in de Kerk, omdat Kerk en Staat toen een waren en er toen ter tijde voorziening waren in de staatkundige wetten van het land. Nu Kerk en Staat niet meer in de naauwe betrekking tot elkander staan en dus de staatkundige wetten de Kerk in deze niet meer beschermen, is het noodig eene bepaling in dezen zin in de Kerkwet op te nemen.
>
> Pont [1969]:213, nota 32)

## Literatuurverwysings


Bakhuizen van den Brink, J N 1965. *Handboek der kerkgeschiedenis, Eerste deel*. Den Haag: Bert Bakker.

Baron, R A & Byrne, D E 1991. *Social psychology: Understanding human interaction*. Boston: Allyn and Bacon.

Berkhof, H 1973. *Christelijk geloof: Een inleiding tot de geloofsleer*. Nijkerk: Callenbach.

Berkhof, L 1958 [1941]. *Systematic theology*. Edinburgh: The Banner of Truth Trust.

Bizer, E 1966. *Fides ex auditu*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

Botes, H J 1992. Die verbondsmatige kerkbeskouing van A D Pont. *HTS* 48/3 & 4, 607-616.

Botha, S J 1973. *Die volkskerk*. Pretoria/Kaapstad: HAUM.

—— 1989a. Die volkskerk, in Botha 1989b:1-47.

—— (red) 1989b. *Belydende volkskerk*. Pretoria: Kital.

Bruce, F F 1952.'2nd ed. *The Acts of the Apostles*. London: Tyndale.

Bultmann, R 1933. *Glauben und Verstehen*. Tübingen: J C B Mohr.

Cronbach, A 1962. s v 'Worship in NT times, Jewish'. *IDB*.

Davies, G H 1962. s v 'Worship in the O.T'. *IDB*.

De Klerk, J J 1977. *Prediking*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

De Wet, J I & Pont, A D (reds) 1964. Die vraekompleks rondom artikel III van die kerkwet. *HTS* 19/3 & 4, 103-137.

Douglas, M 1966. *Purity and danger: An analysis of the concepts of pollution and taboo*. London: Routledge & Kegan Paul.

Elliott, J H 1991. Temple versus household in Luke-Acts: A contrast in social institutions, in Neyrey 1991b:211-240.

Haitjema, Th L 1962. *De Heidelbergse Catechismus als klankbodem en inhoud van het actuele belijden onzer kerk*. Wageningen: Veenman & Zonen.

Josuttis, M 1975. Gottesdienst, in Otto, G (red), *Praktisch theologisches Handbuch*, 285-308. Stuttgart: Kohlhammer.

Malina, B J 1986. Interpreting the Bible with anthropology: The case of the poor and the rich. *Listening* 21, 148-159.

Moxnes, H 1988. *The economy of the Kingdom: Social conflict and economic relations in Luke's gospel*. Philadelphia: Fortress.

Nagel, D W 1970. *Geschichte des christlichen Gottesdienstes*. Berlyn: Walter de Gruyter.

Newman, B M & Nida, E A 1972. *A translator's handbook on the Acts of the Apostles*. London: United Bible Societies.

Neyrey, J H 1991a. The symbolic world of Luke-Acts: 'They turn the world upside down,' in Neyrey 1991b:271-304.

Neyrey, J H (ed) 1991b. *The social world of Luke-Acts: Models for interpretation*. Peabody: Hendrickson.

Ott, H 1972. *Die Antwort des Glaubens: Systematische Theologie in 50 Artikeln*. Stuttgart/Berlin: Kreuz Verlag.

Pont, A D [1969]. Kerk en volk. *HTS* 25/3 & 4, 202-218.

— 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*. Pretoria: HAUM.

— 1986a. Verbond en volkskerk. *HTS* 42/1, 28-76.

— 1986b. Calvyn en die kerklike orde: Enkele opmerkings. *HTS* 42/3, 534-546.

— 1991. Die verhouding kerk en volk in die jare 1835-1900 in die Oorvaalse: 'n Terreinverkenning. *HTS* 47/3, 783-799.

Rahner, K 1954. *Schriften zur Theologie*. Zürich-Köln: Benzinger.

Richardson, C C 1962. s v 'Worship in NT times, Christian'. *IDB*.

Robbins, S P 1991. *Organizational behavior: Concepts, controversies and applications*. San Diego: Prentice-Hall.

Stählin, G 1975. *Die Apostelgeschichte*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (NTD 5.)

Strack, H L & Billerbeck, P 1928. *Kommentar zum Neuen Testament aus Talmud und Midrasch: Exkurse zu einzelnen Stellen des Neuen Testaments*. München: Beck.

Strathmann, H 1967. s v λατρεια κτλ. *TDNT*.

Strathmann, H 1967. s v λειτουργια κτλ. *TDNT*.

Thomson, J G S S 1962. s v 'worship'. *NBdict*.

Van der Westhuizen, H G 1989. Volkskerk as normale kerkbeskouing, in Botha 1989:48-85.

— 1990. *Kerk en kerstening*. Pretoria: Kital.

Van Niftrik, G C 1946. *Kleine Dogmatiek*. Nijkerk: Callenbach.

Van Staden, P 1991. *Compassion – the essence of life: A social-scientific study of the religious symbolic universe reflected in the ideology/theology of Luke*. Pretoria: Hervormde Teologiese Studies. (Supplementum 4.)

— 1992a. Wie is my naaste? *Konteks* 3 (8), bl 42.

— 1992b. Slim vang sy baas (1 & 2). *Konteks* 3 (10 & 11).

— 1994. Mag 'slegs blankes!' hier aanbid? *HTS* 50, 713-729.

Van Wyk, B J *Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip*. Pretoria: Kital.

Van Wyk D J C 1991a. P J Hoedemaker: 'Wat ék bedoel, is die behoud van die kerk'. *HTS* 46/4, 497-512.

— 1991b. Kerk en volk. *HTS* 47/3, 768-782.

Van Zyl, F J 1989. Volkskerk en vrye kerk, in Botha 1989:86-98.

Venter, P M 1984. Verbondsteologie – 'n tendensstudie. *HTS* 40/4, 55-68.

Worchel, S, Cooper, J & Goethals, G R 1991. *Understanding social psychology*. Pacific Grove: Brooks/Cole.